# Aan die Vader dank en ere

         D      A       D            G             A
1. Aan die Vader dank en ere, laat ons saam Sy lof besing.

       D      A       D                    A      E   A
Hy het al ons skuld vergewe, laat ons Hom nou hulde bring.

        Em   A   D             G              A7
Hy's genadig en magtig, die Bewerker van ons heil.

                  D                  Bm
Refrein: Kom ons loof Hom, kom ons eer Hom

    G     A     D
vir liefdevolle seën.

          D  A      D            G             A
2. Aan Jahshua al die ere, Hy's dit waardig, Vredevors.

         D      A      D                A        E  A
Hy kom leer ons wat is liefde, want dit is Sy groot gebod.

       Em          A   D         G                A
Hy's gestuur deur die Vader en so stuur Hy ook vir ons.

      D       A     D                 G                 A
3. Die erkenning vir Sy leiding bring ons dankbaar aan die Gees.

         D      A       D                 A      E   A
Hy kom ons oortuig van sonde, so wil Hy ons dan genees.

         Em  A  D              G                A7
Hy bring lewe en oorvloed as die Woord ons altyd lei.